# ‘n Vrou vir Isak

## Genesis 24-25

Isak het grootgeword, en sy pa, Abraham, wou hê hy moet trou. Abraham het vir een van sy werkers gesê: “Gaan na die land toe waar ek vandaan kom. Daar sal jy vir Isak ‘n vrou kry.”

Abraham se werker is daar weg met tien kamele en ‘n hele klomp juwele en klere. Dit was geskenke vir Isak se bruid.

Toe die werker by die land aankom, het hy by ‘n fontein gestop en gebid: “Here, wys asseblief vir my die vrou wat U vir Isak gekies het. Ek sal weet dit is die regte vrou as sy nie net vir my nie, maar ook vir my kamele water gee.”



Nog voor hy klaar gebid het, kom daar ‘n jong vrou met ‘n waterkruik aan. Nadat sy haar kruik vol gemaak het, vra hy haar vir water. Sy gee toe vir hom water. Toe gee sy ook vir die kamele water. Sy was die antwoord op sy gebede! Haar naam was Rebekka.

Die werker het vir haar geskenke gegee, en hulle is daarna na haar pa toe. Die werker het vir hom toestemming gevra om vir Rebekka na Isak toe te vat. Rebekka het gesê dat sy baie graag wou gaan.

Toe Isak vir Rebekka sien, was hy dadelik verlief op haar. Nadat hulle getroud is, het Isak en Rebekka tweeling-seuntjies gekry. Hulle name was Esau en Jakob.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat wou Isak se pa, Abraham, hê? ______________________________

2. Wat het hy vir sy werker gevra?________________________________

   ________________________________________________________________

3. Voltooi die volgende sin:

   Toe die werker gebid het, het hy gesê hy sal weet dit is die regte vrou as sy… ______________________________________________________

   ________________________________________________________________

4. Wat was die vrou se naam wat dit gedoen het? _____________________

5. Het Isak van haar gehou? ____________

6. Wat was Isak en Rebekka se tweeling-seuntjies se name?

   ____________________________________________



# Oulike idees vir kunsaktiwiteite

Jy kan vir Rebekka juwele maak:

Al wat jy moet doen is om Otees pap en wol te gebruik. Jy ryg dan die Otees op die wol en dan het jy 'n hangertjie of armband gemaak.








Nog 'n idee:

- Teken die verskillende karakters in die storie.
- Knip die prentjies uit.
- Gebruik roomysstokkies en plak die karakters op die stokkies (soos die kamele hierbo).
- Jy kan dit dan gebruik om die storie vir mamma en pappa of enige iemand te vertel.

# Wie is ek?

Lees die beskrywings hieronder en maak 'n regmerkie by dié wat jy dink by Rebekka pas. Maak 'n kruisie by dié wat nie pas nie. Kleur dan die meisie in wat jy dink Isak se vrou geword het.




(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)

# 'n Vrou vir Isak

Abraham se werker het vir Rebekka gekies om Isak se vrou te word, want sy het nie net vir die werker water gegee nie, maar ook vir sy kamele. Sy het iemand gehelp toe hulle dit nodig gehad het.



(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)